
2020/06/25

# HANDELINGE 14

Bybelstudie

# HANDELINGE 14 OPSOMMING




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA

Bybelstudie

- **Paulus en Barnabas in die stad Ikonium**
- **Paulus en Barnabas in Listre**
- **Paulus en Barnabas gaan terug na die stad Antiogië in die provinsie Sirië**

Handelinge Bybelstudie

Handelinge en Sendbriewe kruisverwysings ten opsigte van Paulus se bediening

# PAUL'S LETTERS AND MISSIONARY JOURNEYS

Briewe

| YEAR A.D. | MAJOR EVENTS | ACTS | PERIOD | LETTERS |
|---|---|---|---|---|
| 34 | Conversion, Damascus, Arabia | 9 | 3 years - Arabia | |
| 37 | Jerusalem, Tarsus, Syria, Cilicia | | | |
| 46-47 | Antioch, Jerusalem | 11 | 1 year - Antioch | |
| 48-49 | First Missionary Journey and Antioch | 13-14 | | Galatians |
| 50 | Jerusalem Council and Antioch | 15 | | |
| 51-53 | Second Missionary Journey | 16-18 | 18 months - Corinth | 1 Thessalonians<br>2 Thessalonians |
| 53-54 | Antioch | | | |
| 54-57 | Third Missionary Journey | 19-21 | 3 years - Ephesus | 1 Corinthians<br>2 Corinthians<br>Romans |
| 57 | Jerusalem Arrest | 22-23 | | |
| 57-59 | Caesarea Prisoner | 24-26 | 2 years | |
| 59-60 | Journey to Rome | 27-28 | | |
| 60-67 circa | Rome House Arrest | 28 | 5-7 years circa | Ephesians<br>Colossians<br>Philemon<br>Philippians<br>1 Timothy<br>Titus<br>2 Timothy |

Jaar | Gebeurtenis | Hoofstuk | Tydperk

ConformingToJesus.com

# Handelinge 14 Paulus en Barnabas in die stad Ikonium (Hedendaagse Konya, Turkye)




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA

Handelinge Bybelstudie

Kaart van Sendingreise van Paulus se bediening



# Handelinge 14 Paulus en Barnabas in die stad Ikonium (Hedendaagse Konya, Turkye)




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA

# Handelige 14




- 1 Paulus en Barnabas het in die stad Ikonium dieselfde gedoen wat hulle in **Antiogië** gedoen het. Hulle het na die sinagoge van die Jode gegaan. **Daar het Paulus en Barnabas baie oor Jesus gepraat** en **baie Jode en Grieke het in Jesus begin glo.**
- 2 Maar die Jode wat nie in Jesus wou glo nie, het vir die heidene slegte dinge van die gelowiges vertel en die heidene het vyande geword van die gelowiges.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 3 Barnabas en Paulus het 'n lang tyd daar in <u>Ikonium</u> gebly en hulle was nie bang om vir die mense te vertel van die genade van die Here nie. **Die Here het ook gewys dat hulle boodskap waar is, want Hy het vir hulle die krag gegee om wonderwerke en tekens te doen.**

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 4 Die mense van die stad het in twee groepe verdeel. Die een groep het gedink die Jode is reg, maar die ander groep het gedink die apostels is reg.
- 5 Toe het die heidene en die Jode en hulle leiers besluit om slegte dinge te doen aan die apostels, hulle het besluit om die apostels dood te gooi met klippe.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 6 Toe die apostels hoor wat die mense wil doen, het hulle gevlug na die stede Listre en Derbe. Hierdie stede was in die deel van die land wat die mense "Likaonië" genoem het.
- 7 Hulle het daar die goeie boodskap gepreek.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelinge 14

## Paulus en Barnabas in Listre




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA





These Photos by Unknown Author is licensed under CC BY-SA

# Handelige 14




- 8 In die stad Listre was daar 'n man, sy voete was verlam. Hy het nooit geloop nie, vandat hy gebore is.
- 9 Die man het na Paulus geluister terwyl Paulus gepraat het. Paulus het lank na hom gekyk en toe hy sien dat die verlamde man glo dat God hom gesond kan maak,

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 10 het Paulus hard en duidelik gesê: "Staan op, staan regop op jou voete!" En dadelik het die man regop gespring en het hy begin rondloop.
- 11 Toe die mense die wonderwerk sien wat Paulus gedoen het, het hulle hard in die taal van die mense van Likaonië geskree: "Die gode het afgekom na ons toe en hulle het soos mense geword!"

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 12 Die mense het toe vir Barnabas "Zeus" genoem en hulle het vir Paulus "Hermes" genoem omdat Paulus die een was wat die meeste gepraat het.
- 13 Die tempel van Zeus was net buite die stad. Die priester van die tempel het toe bulle en kransies van blomme na die poort van die stad gebring, en hy wou saam met die mense die bulle vir Paulus en Barnabas offer.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 14 Toe die apostels, Barnabas en Paulus, dit hoor, het hulle hulle klere geskeur. Hulle het uitgehardloop na die mense toe en het vir hulle geskree en gesê:
- 15 "Mense, hoekom doen julle hierdie dinge? Ons is ook mense, soos julle. Ons bring vir julle die goeie boodskap dat julle die gode moet los wat niks beteken nie, julle moet verander en lewe soos God wil hê, julle moet vir God dien, die God wat lewe. Hy het die hemel en die aarde en die see en al die dinge in die see gemaak.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 16 Toe al die volke voorheen gedoen het wat hulle wou doen, het God hulle nie gestraf nie.
- 17 Maar God het vir die mense gewys dat Hy daar is, want Hy het goeie dinge vir hulle gegee: Hy het vir julle reën uit die lug laat val en Hy het vir julle vrugbare plante gegee. Ja, Hy het vir julle baie kos gegee en Hy het julle baie bly gemaak."

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 18 Die apostels het hierdie dinge vir die mense gesê om hulle te keer sodat hulle nie offers vir die apostels bring nie, maar die apostels het baie gesukkel om die mense te keer, die mense wou dit nog doen.
- 19 Terwyl die apostels daar in Listre was, het Jode van die stede Antiogië in Pisidië en Ikonium daarnatoe gekom. Hulle het die mense anders laat dink, en die mense het vir Paulus met klippe gegooi. Daarna het hulle vir Paulus uit die stad gesleep, want hulle het gedink dat hy dood is.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 20 Daar het toe gelowiges rondom Paulus kom staan. Paulus het opgestaan en hy het ingegaan in die stad. Die volgende dag het Paulus en Barnabas weggegaan uit Listre en hulle het na die stad Derbe gegaan.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# **Handelinge 14**

# Paulus en Barnabas gaan terug na die stad Antiogië in die provinsie Sirië



This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-NC-ND

# Handelige 14




- 21 Nadat Barnabas en Paulus die goeie boodskap in Derbe gebring het en nadat baie mense in Jesus begin glo het, het Paulus en Barnabas teruggegaan na die stede Listre, Ikonium en Antiogië in Pisidië.
- 22 In daardie stede het Barnabas en Paulus die gelowiges bemoedig, hulle het vir die gelowiges gesê om aan te hou om in Jesus te glo. Hulle het gesê: “Ons moet eers baie swaar kry voordat ons by God sal wees, daar waar Hy, die Koning, regeer.”

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 23 Barnabas en Paulus het vir elke gemeente ouderlinge gekies en aangestel, en nadat hulle gebid en gevas het, het hulle vir die Here gevra om te sorg vir die ouderlinge en die gemeentes wat in Hom geglo het.
- 24 Hulle het deur die provinsie Pisidië gegaan, en toe het hulle in die provinsie Pamfilië gekom.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14




- 25 En nadat hulle die boodskap van die Here in die stad Perge gebring het, het hulle na die hawestad Attalië gegaan.
- 26 Hulle het van daar met 'n skip weer teruggegaan na die stad Antiogië in die provinsie Sirië. Dit is daar waar die mense tot God gebid het dat Hy vir Barnabas en Paulus genadig moet wees, sodat Paulus en Barnabas die werk kon doen, die werk wat hulle nou klaargemaak het.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Handelige 14





- 27 Toe Barnabas en Paulus in Antiogië gekom het, het hulle die gemeente bymekaargeroep en hulle het vir die gemeente vertel watter dinge God alles vir hulle laat doen het. Hulle het ook vertel dat God vir hulle gewys het dat die heidene ook in Jesus kan glo.
- 28 Barnabas en Paulus het toe 'n lang tyd daar by die gelowiges gebly.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Please support https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/14
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.

# HANDELINGE 14 OPSOMMING




This Photo by Unknown Author is licensed under CC BY-SA

AGS HELDERBERG AFM

Bybelstudie

- **Paulus en Barnabas in die stad Ikonium**
- **Paulus en Barnabas in Listre**
- **Paulus en Barnabas gaan terug na die stad Antiogië in die provinsie Sirië**

672